
Böhmistiese voluntarisme, transmutasie van die wil en verenigingsmistiek in Andrew Murray se *Dying to Self*

Andries Raath

Navorsingsgenoot, Departement Filosofie

Universiteit van die Vrystaat

RaathA@ufs.ac.za

Boehme's voluntarism, transmutation of the will and mysticism of unification in Andrew Murray's *Dying to Self*.

Abstract

The end of the eighteenth century witnessed an upsurge in deterministic theologies of freedom of will. Jonathan Edwards, for example, combined Protestant theology (which to him was a celebration of the greatness of God) with the new scientist philosophical thinking of John Locke. Edwards propounded a solution to the free-will issue which raised more problems than it solved. The root of the problem lies in Edwards' arguments based on assumptions gathered from the physical world and posing the problem of free will in quasi-physical terms. In opposition to scientist approaches to the problem of free-will, Platonically inclined theological views inspired by Romantic idealism shifted the emphasis from materialistic scientism to grace, personality and love in Medieval mysticism – particularly the tradition of Augustine, Ockham and Eckhart. The German mystic, Jacob Boehme, gained in influence in Britain towards the end of the eighteenth century through the works of the Anglican theologian William Law. Boehme's views on free-will shaped Andrew Murray's spirituality on this issue to a significant degree. This

article investigates the contours of Murray's voluntaristic mysticism, the connection between will and desire in his theology, and the implications of the dialectics between self-will and love-will in his work Dying to Self. Murray's mystical spirituality juxtaposes God's love-will and human self-will. When the intelligent creature turns from God to self, or nature, he acts unnaturally, he turns from all that which makes nature to be good; he finds nature only as it is in itself, and without God. And then it is that nature, or self, has all evil in it. If you ask why the Spirit of Love cannot be displeased, cannot be disappointed, cannot complain, accuse, resent, or murmur, it is because Divine love desires nothing but itself; it is its own good, it has all when it has itself, because nothing is good but itself and its own working; for love is God, and he that dwells in God, dwells in love. The dialectical tension between determination and freedom of will is transcended by appealing to the mystical power of love-will. To Murray, the transmutation of self-will to love-will is possible because every spirit stands in the place where it was created in equal weight, and has its free will where into it introduces its longing imagination, the essence and property of that it receives in the great mystery of all beings. The will is free in Christ when our sins are drowned in the blood and Death of Christ, and He is a member of us. His will becomes our will; for He gives Himself through Christ into the Bride, as into our will, which is also God's will; and we receive Him with good cause into our Love, into our Will, which is also God's will; and sink ourselves down in him through Christ into God. The divine birth is the culmination of man's will surrendered to the Will of Christ and the apex of man's unification with God. Freed from the miserable labour of self, to rest in meekness, humility, patience, and resignation under the Spirit of God, is like the joyful voice of the Bridegroom to the soul. To Murray, goodness, piety, holiness can only be ours as thinking, willing, and desiring are ours, by being in us as a power of heaven in the birth and growth of our own life. The freedom of the soul dedicated to God finds its highest culmination in Love and not in determination or libertarianism because Divine Love desires nothing but itself and he that dwells in God, dwells in Love and Liberty.

Opsomming

*Die effek van die oorheersing deur die wetenskapsideaal in die agtiende-eeuse spiritualiteit, het deterministiese uitgangspunte teenoor indeterministiese opvattinge te staan gebring. Die opkoms van die Romantiek teen die einde van die agtiende eeu, het die selfstandigheid van die menslike wil teenoor die rasionalisme geproklameer. Die herlewering van die voluntarisme het veral in mistieke kringe 'n alternatiewe beskouing oor die vryheid van die wil tot gevolg gehad, die verhouding tussen wil en begeerte beklemtoon en op temas soos die ontstaan van die bese gekonsentreer. Hierdie temas het in die tweede helfte van die negentiende eeu deur Andrew Murray (1824-1917) se mistieke werke deel van die Suid-Afrikaanse teologiese landskap geword. Murray het William Law (1686-1761) se mistieke werk, *Spirit of Love*, so hoog geag, dat hy die praktiese derde deel daarvan onder die titel *Dying to Self* gepubliseer het. Dié werk getuig ook van die invloed van Law se Böhmiestiese mistiek welke invloed in Murray se opvattinge oor wilsvryheid neerslag gevind het. Onder invloed van Böhme se mistiek, vertoon Murray se teologie die kontoere van 'n voluntaristiese spiritualiteit, die dialektiese stryd tussen self-wil en liefdeswil, die transmutasie van die self-wil tot liefdeswil en die bruidsmistieke vereniging van die bruid (siel) met Christus (die Bruidegom). Twee positiewe aspekte vloei uit Murray se onderskeid tussen wil en begeerte voort: Die integrasie van die menslike persoonlikheid is 'n belangrike psigologiese vertrekpunt vir bekamping van sosiale en maatskaplike ewels in die samelewing. Voorts is die identifisering van twee wilsmodi by Murray 'n vertrekpunt om die gebreke by sowel die deterministiese as indeterministiese vryheidstandpunte te oorkom. Die teogoniese aspekte van Murray se mistiek, huisves egter die gevaar dat die klem verskuif vanaf die geloof na die hunkering na en ervaring van eenwording met God.*

Keywords:

Andrew Murray, bridal mysticism, freedom of will, Jacob Boehme, Jonathan Edwards, mystical, Plato, romanticism, voluntarism, William Law

Trefwoorde:

Andrew Murray, bruidsmistiek, Jacob Böhme, Jonathan Edwards, misties, Plato, romantiek, voluntarisme, vrye wil, William Law

1. Inleiding

Gedurende die agtiende eeu en die aanvang van die negentiende eeu het die invloed van die wetenskapsideaal teenoor die persoonlikheidsideaal in die geesteswetenskappe al sterker geword. Ook die Protestantse teologiese wetenskappe het nie aan die invloede van dié tendens ontkom nie. Die klem het toenemend begin val op die menslike rede en is die ander fakulteite van die menslike gees aan die rede ondergeskik gestel. Ook die Britse filosoof, John Locke (1632-1704), het in die gees van die sciëntialisme die wil aan die rede onderwerp (Locke, 1959:315 e.v.) en die vermoë om ooreenkomstig die voorskrif van die wil te handel, 'vryheid' genoem (Raath, 1986:314).

In navolging van Locke se natuurwetenskaplike ideaal, aanvaar Jonathan Edwards (1703-1758) dat die wil nie 'n outonome fakulteit is nie, dat die denke passief is en dat menslike optrede deur God as outeur van alles in die kosmos gedetermineer word – 'n teologiese denksisteem wat God ook die outeur van die bose maak: "On his [Edwards] scheme of thought makes God the author of evil" en "God not only willed moral evil in general, but willed all evil human actions as well as all good actions" (Brown, 1990:279). Die opkoms van die Romantiek teen die einde van die agtiende eeu (as teenpool van die sciëntialisme), het die selfstandigheid van die menslike wil teenoor die rasionalisme opgestel. Die herlewing van dié voluntarisme het veral in mistieke kringe 'n alternatiewe beskouing oor die vryheid van die wil tot gevolg gehad, die verhouding tussen wil en begeerte beklemtoon en op temas soos die ontstaan van die bose gekonsentreer.

Hierdie temas het in die tweede helfte van die negentiende eeu deur Andrew Murray (1824-1917) se mistieke werke deel van die Suid-Afrikaanse teologiese landskap geword. Murray het William Law (1686-1761) se mistieke werk, *Spirit of Love*, so hoog aangeslaan en toenemend onder die invloed van Law se Böhmistiese mistiek gekom, dat hy uitvoerige kommentaar daarop gelewer het en die praktiese derde deel daarvan onder die titel *Dying to Self* gepubliseer het. Aan die einde van dié publikasie som Murray die betekenis van Law se werk só op: "He [Law] started with the one truth that God is Love – an infinite and unchangeable will to communicate all His own goodness and blessedness to His creatures, and that this love of God was meant to be our life" (Murray, 1898:99).

Volgens Murray dui Law se "goue dialoog" die weg aan na die goddelike Gees van Liefde in die mens se hart. Dié weg is alleen moontlik deur 'n goddelike geboorte in die diepste setel van die mens se bestaan: "Having shown us the need of an actual Divine birth of this love within us, he opened

up the one only way to this death – that living faith in the Lamb of God which receives Him into the heart with those virtues which constitute Him a Saviour's meek and humble resignation and obedience to God" (Murray, 1898:99). Die geboorte van Christus in die siel is die aanvang van 'n proses wat uitmond in die huweliksfees tussen Christus (Bruidegom) en die siel (bruid): "When this Lamb of God has brought forth a real birth of His own meekness, humility, and resignation to God in our souls, then are our virgin hearts made ready for the marriage feast – *then is the birthday of the Spirit of Love in our souls*" (Murray, 1898:99). Murray gebruik verskeie metafore om die mistieke vereniging met die godheid te beskryf, dui aan welke voluntaristiese deugde die geboorte van Christus in die siel kan bewerkstellig en bring die vraag na die vryheid van die menslike wil na vore.

In hierdie skryfstuk word

- die kontoere van Murray se voluntaristiese mistiek aangedui,
- die verband tussen wil en begeerte ondersoek, en
- die implikasies van Murray se wilsgedrewe mistiek bespreek.

Relevante aspekte vir die navorsing is die effek wat Böhme se siening van die Luciferiese val vir die skepping, die mistieke tradisie van Plato (c.427-c.347 v.C.), Aurelius Augustinus (353-430) en Johannes Eckhart (c.1260-1327), asook die neerslag van die dialektiek van self-wil en liefdeswil in die voluntaristiese mistiek van Jacob Böhme (1575-1624) op Andrew Murray se teologie gehad het.

2. Böhme oor die Luciferiese val en die oorsprong van boosheid

Volgens Böhme vind boosheid sy oorsprong by die Luciferiese weerstand van self-wil teen die liefde en wysheid van God. Pestilensies, plae, aardbewings, vuur en vloede, vulkane en siektes is die gevolg daarvan: "Here are the harming of innocents, the torture, pain and havoc wreaked by a thousand means of natural but no less tragic disasters and ills upon our so easily destroyed or disfigured bodies; the fragile bodies of beings set in a half beneficently charming, half utterly hostile world – a world whose deep-set hostilities both in its creatures and elements cannot be said to have been inspired by goodness or by wisdom, which stems from love's own will, that neither harms nor rages" (Muses, 1951:146). Die oorsprong van die bose is dus, volgens Böhme, te vinde in die self-gesentreerdheid en rebellie, weg van liefde, in 'n daad van vrye wilsbesluit van Lucifer en sy engele: "And you

should well consider the fall of the devils, who have lost the light of the heart of God ..." (Böhme, 1764b (*Threefold Life of Man*)): 14; vgl. 1764a (*Aurora*): 77; 1781 (*Signatura Rerum*): 109).

Die mistikus John Pordage (1608-1698) beklemtoon dat die skeppingsbeskrywing in Genesis 'n 'herskepping' beskryf ná die val van Lucifer: "Jacob Boehme, whensoever he attributes evil to eternal nature considers it in its fallen state, as it became infected by the fall of Lucifer ..." (Pordage, 1681:137-138). Stryd en boosheid in die natuur neem, volgens Böhme, 'n aanvang as gevolg van en ná die val van Satan en nie daarvoor nie – 'n beginsel waarna Gottfried Arnold in sy lof vir Pordage se uitleg van Böhme in sy *Kirchen und Ketzerhistorie* waarskynlik verwys (Arnold, 1729:1107).

God se opperste liefde kan egter nie 'n skepsel se vrye wil onderdruk nie omdat liefde en vrywillige trou nie afgeforseer kan word nie. Goddelike almag sal, volgens Böhme, nimmer 'n skepsel se vrye wil om te kies ophef nie. Goddelike liefde en wysheid het geen begeerte om mense soos marionette te behandel nie, maar eerder om konstruktiewe omstandighede te handhaaf sodat, indien die mens se vrye wil die goeie begeer, die mens in staat sal wees om in medewerking met en deur God sodanige omstandighede in sy handeling te verwesenlik.

Ten spyte van talle hindernisse in die huidige lewensomstandighede, bestaan die mens se soewereine wil om vryelik oor goed en kwaad te besluit. Die mens se verwerping van God se liefde was nie finaal tot die mate dat die goeie verder as die kwade van sy wil verwyder is nie. Die huidige skemerwêreld van goed en kwaad sal tot 'n einde kom wanneer – ten spyte van die lyding van die regverdiges – geen goed meer bewerkstellig sal kan word vir hetsy die regverdige of onregverdige nie. J.P. Greaves vat die huidige stand van die skepping soos volg saam: "The present Creation seems to be only a parenthesis – a mere parenthesis. Now, all that is parenthetical finds its full meaning in the context – in that which went before and in that which follows after it. A parenthesis is not without a real sense, but it has not enough sense to stand alone" (Greaves, 1847:20). Elke mens beskik oor die vermoë om die bande wat sy natuur knel, af te werp en sodoende sy eie leefwêreld deur 'n persoonlike opstuwing van liefdeswil te transformeer. Die eskatologie van aktiewe liefdeswil, wat die wêreld van self- en eiewilligheid transendeer, open die oog vir 'n praktiese mistiek wat in die huidige leefwêreld gestalte moet kry: "Let none waits for a golden time, wherein the holy spirit out of or from the outward mouth will cry unto the hardened, into his bestial will ... O no! that is not to be done ... the time is already come ... Let none

wait for the outward prophet ... He is already found and known; whosoever desireth to seen him, let him seek in himself, and let Babel go: he will find him" (Muses, 1951:157). Die wêreld waarin die bose, sowel as liefdevolle optrede nie alleen gekies *kan* word nie, maar reeds gekies *is*, is alreeds 'n baie spesifieke soort wêreld en reeds metafisies omskryf.

Die val van Lucifer bied vir Böhme die vertrekpunt ter verklaring van die besoedeling van die wil van die eerste mensepaar en hul inkrementele verval tot self-wil. Die mens se vrye wil mag 'n bose oogmerk koester en inkrementeel in self-wil versink, voordat die bose bedoelinge in die hart tot uiting kom. Dit verklaar, volgens Böhme, die omstandighede waaronder die eerste mensepaar tot 'n val gekom het. Sedertdien lei dit daartoe dat mense in die ydelheid van self-gesentreerdheid verval. J.P. Greaves, 'n kenner van Böhme se werk, beskryf die pre-Adamitiese konteks waarin die vrye wil van die mens deur self-wil oorheers is, soos volg: "The good and evil that is in the creation, as now it is seen, tells, I presume, of prior confusion in higher powers. If the lion destroy and slay – if the fox steal – if the upas tree distills a deadly poison – if some metals are corrosive, and others minister to health – if the deadly nightshade grow beside the barley, wheat, and oats – let men learn that pride, rebellion, and murder are older than man, though not so old as love, goodness, and truth. Strife is older than man ..." (Greaves, 1847:19). Bygevolg is die huidige skepping 'n werk van God *a posteriori* om te herstel dít wat besoedel en vernietig is.

William Law en Andrew Murray onderskryf die Böhmitiese agtergrond van dialektiese liefde en boosheid wat kosmies manifesteer. Murray stel dit só: "Nature has all evil, and no evil, in itself. Nature, as it comes forth from God, is darkness without any evil of darkness in it; for it is not darkness without or separate from light, nor could it ever have been known to have any quality of darkness in it, had it not lost that state of light in which it came forth from God, only as a manifestation of the goodness, virtues, and glories of light. Again, it is nature, viz., a strife and contrariety of properties for this only end, that the supernatural good might thereby come into sensibility, be known, found, and felt by its taking all the evil of strife and contrariety from them, and becoming the union, peace, and joy of them all. Nor could the evil of strife and contrariety of will ever had a name in all the universe of nature and creature, had it all continued in that state in which it came forth from God. Lastly, it is self, viz., an own life, that so, through such an own life, the universal incomprehensible goodness, happiness, and perfections of the Deity might be possessed as properties and qualities of an own life in creaturely finite beings" (Murray, 1898:38). Volgens hom is die bose dus die natuur wat in sonde verval het en in self-wil manifesteer: "Now, every evil,

wicked, wrathful, impure, unjust thought, temper, passion, or imagination that ever stirred or moved in any creature; every misery, discontent, distress, rage, horror, and torment that ever plagued the life of fallen man or angel, are the very things that you are to understand by the powers or workings of darkness, nature or self. For nothing is evil, wicked, or tormenting but that which nature or self doth" (Murray, 1898:37).

Die mens se wegkeer van die wil van God se liefdeswil na menslike self-wil, is onnatuurlik: "But when the intelligent creature turns from God to self, or nature, he acts unnaturally, he turns from all that which makes nature to be good; he finds nature only as it is in itself, and without God. And then it is that nature, or self, hath all evil in it" (Murray, 1898:38). Omdat God die outeur van die liefde is, beskik die liefdeswil in die mens oor 'n natuurlike vermoë om in die wêreld voort te plant, 'n gedagte wat Murray by Law terugvind: "Any one who remember's Law's definition of love will see how little his teaching would allow of this. Love in God is His unchangeable will to communicate all His own goodness to His creatures as far as they are capable of it. His love entering into us cannot change its nature: it still is a delight to impart itself to others and to bless them" (Murray, 1898:110).

3. Plato, Augustinus en die Eckhartse mistieke wils-tradisie

Plato en Aristoteles tref 'n onderskeid tussen begeerte en wil. Volgens laasgenoemde is begeerte 'n vorm van sinlikheid, terwyl die wil van die intellek uitgaan. In sy *De Anima* tref Aristoteles voorts 'n onderskeid tussen begeerte en denke (Aristoteles, 1931 (klassieke verwysing): III, 11, 433a 23). Die denkende verbeelding is berekend, "(h)ence appetite contains no deliberative element" (Aristoteles, 1931 (klassieke verwysing): III, 11, 434a 7). Volgens Augustinus is die wil die vermoë van die siel tot selfbeskikking (Augustinus, 1872:10); dit is 'n unieke vermoë en tog is dit in al die orige sielsfunksies vervat (1909 (klassieke verwysing): XIV, 6). Die wil is die kern van die mens se wese (1909 (klassieke verwysing): VI, 11; XIV, 6; XIX, 6). Die onderskeid tussen wil en intellek kom by Willem van Ockham (oorlede 1349) duideliker na vore: Beide is funksies van die siel (Leff, 1975:476 e.v.).

In die Duitse spirituele geskiedenis word dié onderskeid selfs sterker beklemtoon. In Johannes Eckhart (c.1260-1327) se preek oor Lukas 10:38 gee hy 'n uitvoerige tipering van die wil: Dit is ontasbaar; vloei uit die gees, bly in die gees en is geheel geestelik van aard; dit is 'n krag waarin God gloei en brand sonder ophou; God is daarin teenwoordig in al sy rykdom, soetheid

en vreugde; daarin is soveel genot en onmeetlike vreugde, dat niemand dit ten volle kan beskryf nie; dit is 'n funksie van die siel en lyding ter wille van die mens self en is ondraaglik, maar ter wille van God is dit nie 'n las nie, omdat God dit sêlf dra (Eckhart, 1978:39-41).

4. Die mistieke wil in die Böhmistiese tradisie: die passiewe en aktiewe wil en Murray se voluntaristiese mistiek

Jacob Böhme se beskouing van die wil sluit by die Platonistiese vertolking van Eckhart aan – 'n sienswyse wat die keuse van die wil voorop stel en rondom die onderskeid tussen begeerte en wil wentel. Böhme se perspektief is dat die mens met 'n keuse gekonfronteer word (Böhme, 1781 (*Signatura Rerum*):125; 1764a (*Three Principles*):138). Daar is 'n keuse van motiewe wat bepalend is vir goed en kwaad en transformasie van die menslike karakter: “To which the soul's will gives itself, of that it is received, and thereto it is chosen” (Böhme, 1781 (*Signatura Rerum*):125). Die mens se wil is vry en word deur sy inklinasies gelei (Böhme, 1764b (*Threefold Life*):139; 1781 (*Signatura Rerum*):136). Die wil setel in die diepste essensie van die mens. Dionisius Andreas Freher (1649-1728) se interpretasie van Böhme se wilsbeskouing dra implisiet die moontlikheid van 'n tweevoudige wilsentiteit, naamlik die passiewe (interne) wil wat dormant in die mens se wese skuilhou en die aktiewe (eksterne) wil wat in aktiwiteit manifesteer: “What that is which in every nation under heaven and by every individual person is called a will, no man is ignorant of, seeing that even the little children, as soon as they can but stammer, are ready to cry: I will or I will not. So that this is a perceptible active thing, lying no more unmovable in its secret center, womb, root or seed; but being brought forth already into its exterior sphere of activity” (Muses, 1951:138). Die passiewe wil bestaan afgesien van die mens se bewussyn daarvan: “The will therefore beginneth not to be something when it cometh to be called perceptible, but it hath been something already before, and ... something justly to be called a will, not only in, but also before, the perception of the creature” (Muses, 1951:139). Voorts kom die aktiewe wil in beweging voordat dit deur die menslike bewussyn waargeneem word (Muses, 1951:139).

Dié Böhmistiese voluntarisme staan sentraal by sowel William Law as Andrew Murray se mistiek. In sy weergawe van Law se werk, beklemtoon Murray die spirituele voluntarisme: “Let every Christian learn that it is the will that is the ruling power; that it is the will by which God judges us; that

it is the will in which faith has its strength; that it is the will to which the Holy Spirit is given to conquer" (Murray, 1898:78). Elders herinner Murray die leser daaraan dat William Law se werk *The Spirit of Love*, van die enkele waarheid vertrek: God is Liefde – 'n onbepaalde en onveranderlike wil om al sy goedheid en genade aan sy skepsele mee te deel en dat dié liefde bedoel was as lewe vir die mens (Murray, 1898:99). Dié stelling appelleer op Eckhart se standpunt dat God die mens noodwendig moet liefhê omdat God self liefde is: "The glory of God is man deified: a man such as this God 'must' love. His love for him 'cannot not be' since he gives to this man the very love with which he loves his own nature, that is, the Godhead" (Eckhart, 1978:82).

In sy *Dying to Self*, beskryf Andrew Murray begeerte in soortgelyke terme as Böhme en William Law – dit is 'n lewensbeginsel in elke skepsel: "The word desire is one to which he everywhere attaches great importance, as the first beginning and the great motive-power of all life" (Murray, 1898:43). God sou nie kon skep en sy geliefde Seun kon opwek, indien dit nie vir begeerte was nie: "Coming from such a Creator, desire is the life-principle of the creature. In all nature, animal and rational, desire is the great motive-power of action" (Murray, 1898:43). In sy voorwoord tot dié werk, identifiseer Andrew Murray die opwekking van die wil tot aktiewe nastrewing van 'n gees van liefde wat die siel beheers. Dié gees van liefde staan teenoor die bose begeertes in die dieptes van die menslike persoonlikheid, die "power of our evil self, that poisons our whole nature" (Murray, 1898:v). Murray se *Dying to Self* is 'n uittreksel van William Law se *Spirit of Love* – 'n werk wat begin met God as die oorsprong van alle liefde, omdat Hy die ewige en onveranderlike wil tot alle goedheid is. Dié liefde in God is die oorsprong van alle liefde in die skepsele: "Because this love in God is the original of all love in the creature, love can be nothing in us but what it is in God, a will to all goodness towards others, at all times and on all occasions" (Murray, 1898:ix). Nalewing van dié gees van liefde berus op 'n keuse, is 'n wilsdaad en vryheid: "And this Spirit of Love is not really yours till it is the spirit of your life, till you live freely, willingly, universally according to it" (Murray, 1898:ix). Dié gees van liefde kan alleen liefhê, omdat dit die waarheid en werklikheid van God in die siel is. Liefde is die enigste band tot vereniging tussen God en die skepsel: "As the will to all goodness is the whole nature of God, so it must be the whole nature of every service or religion that can be acceptable to Him" (Murray, 1898:x).

5. Die Böhmistiese identiteit van die vrye wil en Murray se dialektiek tussen self-wil en liefdeswil

Die keuse tussen goed en kwaad is in wese 'n keuse tussen liefde en selfbelang. Selfbelang verenig nie met iets buite sigself nie, maar gaan op in self-wil: "All whatever goes on in its self-hood, the same forms itself; but what resigns itself freely, that is formed of the free will: Now no self-ful form with its own self-will can inherit the only Eternal Being; for where there are two wills in one, there is enmity" (Böhme, 1781 (*Signatura Rerum*):131). Die integrasie van die menslike selfheid, persoonlikheid of karakter kan nie geskied deur 'n selfsugtige wil wat uiteindelik in 'n gesplete wil – *Widerwille* (Böhme) – uiteengaan nie. Volmaakte liefde impliseer identiteit van die wil en daarmee verval die konflik tussen vryheid en noodwendigheid. Die menslike selfheid buk onder sy begeerte na self-belang en verval in bose optrede, "so that sin is wrought with sin, vileness with vileness, and all run confusedly in and among one another, as a mere abomination ..." (Böhme, 1781 (*Signatura Rerum*):125 e.v.).

Daarenteen word self-wil deur liefde tot liefdeswil getransformeer – 'n haalbare ideaal: "Thou sayst it cannot? It is not so: Every spirit stands in the place where it was created in equal weight, and has its free will ... whereinto it introduces its longing imagenation, the essence and property of that it receives in the great mystery of all beings" (Böhme, 1781 (*Signatura Rerum*):95). Elke handeling verteenwoordig 'n keuse tussen liefdevolheid en selfgesentreerdheid: Boosheid is die misbruik van die vrye wil deur gebrek aan liefde. Gebrek aan liefde in die wil, bring totale selfgesentreerdheid en self-beheptheid mee, wat oorheersing van selfgesentreerdheid in die wil tot gevolg het. Daarenteen figureer oorheersing nie by 'n liefdeswil nie, omdat afwesigheid van oorheersing die aard van liefde weerspieël. Goedhartigheid is die gebruik van die vrye wil deur liefdevolle wil.

By Murray staan menslike self-wil dialekties teenoor die liefdeswil. Die menslike keuse is wesenlik tussen die wil tot alle goedheid en liefde in ooreenstemming met die wese van God en self-wil wat van die Goddelike liefdeswil weggedraai is, "to some self-seeking or own will in created things" (Murray, 1898:x). 'n Heilige lewe by die Christen is nie 'n tydelike verskynsel nie, maar iets wat deurentyd lewe en ons denke, wil, begeertes en affeksies opwek: "Goodness, piety, holiness can only be ours as thinking, willing, and desiring are ours, by being in us as a power of heaven in the birth and growth of our own life" (Murray, 1898:xi). God is liefde en diegene wat in ooreenstemming met die Gees van Liefde leef, leef in God (Murray, 1898:xii).

Die verskil tussen lig en duisternis is die beeld van die intense, onversoenbare en ewige verskil tussen die liefdeswil volgens die lewe van God en self-wil verwyderd van God (Murray, 1898:xiii). Die wet van liefde vereis dat die hindernisse van goddelike liefde in die siel verwyder sal word (Murray, 1898:19). Die liefdeswil handel in ooreenstemming met die goddelike Gees van Liefde: "If you ask why the Spirit of Love cannot be displeased, cannot be disappointed, cannot complain, accuse, resent, or murmur, it is because Divine love desires nothing but itself; it is its own good, it has all when it has itself, because nothing is good but itself and its own working; for love is God, 'and he that dwelleth in God, dwelleth in love'" (Murray, 1898:20).

Die eienskappe van begeerte na self-belang wat oorkom moet word, is begeerlikheid, afguns, hoogmoed en wraaksug. Dié vier ondeugde is verskillende benaminge vir een en dieselfde begeerte: "Now covetousness, pride, and envy are not three different things, but only three different names for the restless workings of one and the same will or desire, which, as it differently torments itself, takes these different names, for nothing is in any of them but the working of a restless desire; and all this because the natural life of the creature can do nothing else but work as a desire" (Murray, 1898:41). Wanneer die drie eersgenoemde ondeugde teengestaan word, roep dit die vierde na vore: wraak (Murray, 1898:41).

Self-wil voer 'n heimlike bestaan en is soms selfs in 'n godsdienstige kleed gehul. Slegs die besef van totale onmag om met die menslike selfheid te handel en prysgawe van alle pogings om die self te oorwin, open die moontlikheid om dit te oorkom (Murray, 1898:51). Elders merk Murray op dat totale ontkenning van die menslike self die enigste weg is om die self af te sterf (Murray, 1898:109). Dié besef open die weg van vier deugde om die afsterwe van die self te bewerk: Geduld, sagmoedigheid, nederigheid en oorgawe aan God (Murray, 1898:52). Christus se dialoë getuig, volgens Murray, telkens van dié middele om die self te oorwin: "The whole of the remainder of this Dialogue is devoted to the exposition and enforcing of this one lesson. He never wearies of repeating the expression: Patience, meekness, humility, and resignation to God; in what remains of the Dialogue it occurs some thirty times" (Murray, 1898:53; vgl. 59, 62).

Murray volg die teogoniese perspektief in die tradisie van Eckhart – die goddelike geboorte in die siel om die oorgang van self-wil na liefdeswil te bewerkstellig (Murray, 1898:80). Böhme bring die geboorte direk in verband met die transmutasie van die wil: "For you must here understand another new Birth in the soul: For it must ... incline its will into the Life of God, endeavouring to be therein: this [inclined or] created will is received of God,

and God dwelleth in that will, and so cometh the Divine Life and Light into the soul, and so it is a child of God" (Böhme, 1764a (*Aurora*):3). Die voorwaarde vir die geboorte van Christus in die siel, is die transmutasie van die self-wil na liefdeswil – soortgelyk as by Eckhart (Eckhart, 1978:75).

Hoewel Murray na die werking van die Vader, Seun en heilige Gees verwys, maak hy meestal van Christus en die Gees van Liefde melding. Dié geboorte van Christus in die siel is 'n stille werksaamheid van God wat onopgemerk deur Jesus Christus geskied (Murray, 1898:83). Die Skriftuurlike leerstuk behels, volgens Murray, "that there is no possibility of salvation but in and by the birth of the meek, humble, patient, resigned Lamb of God in our soul" (Murray, 1898:95). Opwekking van die liefdesdeugde om die self-wil te dood, kan slegs deur geboorte van Christus in die siel onder leiding van hemelse lig en opwekking van die Gees van Liefde in die siel geskied: "... a wonderful deliverance from self, ... Christ's rising on the soul with the light of heaven, and the full birth of the Spirit of Love" (Murray, 1898:vi). Murray betrek dus die goddelike Triniteit by die mistieke geboorte in die siel: "It is only by a birth from above, it is only by a birth from the Holy Spirit, that the Spirit of Love, that the love of God can enter and possess it" (Murray, 1898:106).

Die geboorte waarvan Law en Murray praat, beteken die begin van 'n lewe met die innerlike vermoë om al sy funksies in liefde te vervul (Murray, 1898:21). Geen begrip of ekstatische gewaarwording kan die plek van die geboorte van die liefde in die siel vervang nie (Murray, 1898:2, 3). Murray onderskryf William Law se klem op die geboorte van die liefde in die hart: "The great message Law has in this book is, that the Spirit of Love can only come into us as a Divine birth, by which it becomes our very life, making love natural to us" (Murray, 1898:3, 4). Die goddelike geboorte in die siel is die enigste medium waardeur liefde in die siel toegeëien kan word (Murray, 1898:4). Alle Bybelonderrig is slegs uiterlike middele wat heenwys na die goddelike geboorte van liefde in die siel (Murray, 1898:13).

Die intelligibele bewussyn van die goddelike geboorte van liefde in die siel, geskied egter op ander wyses as waarneming met die denkfunksie en die sintuie (Murray, 1898:16). Die goddelike geboorte van liefde in die siel geskied onder leiding van God se Gees van Liefde en wek die liefdesdeugde in die wil op – "... the Spirit of God becoming the spirit of our life, the very spirit of humility, of love, of prayer, lives and works in us" (Murray, 1898:17). Soortgelyk as in die Eckhartse tradisie, is regenerasie 'n goddelike geboorte, waarin die Christen 'n pasgeborene in Christus word (Murray, 1898:21). Tensy die mens 'n bonatuurlike geboorte deur die ewige Woord en Gees van God beleef, kan hy nie ontsnap aan die vier ondeugde van self-wil of hel nie

(Murray, 1898:42). Deur die geboorte van 'n nuwe goddelike lewe in die siel – deur die Gees van God – word die mens verlos van die self en die sondes wat daaraan kleef (Murray, 1898:44).

Die geboorte van Christus in die siel is 'n vereniging van die goddelike en die spirituele sentrum (siel) van die mens. In die metaforiek van die Middeleeuse en Böhme se spiritualiteit word dit beskryf as 'n bruidsmistieke samevoeging van Christus en die siel. Böhme beskryf dié intieme liefdesverhouding, vereniging met God in Christus en die gevolge daarvan uitvoerig: “When we say, thy sins are drowned in the blood and the Death of Christ, and he is a Member of us: We take not away his sins from him, but Christ, in us, drowneth them in his blood, through our and his Faith: When we lay our hands upon him, and pray over him, then we, with our will, which is [given up] into God, penetrate into his Will; and bring him into our will, as into one [and the same] Body in Christ, to the Father: His will becometh our will; for he gives up himself through Christ into the Bride, as into our will, which is also God's will; and we receive him with good cause into our Love, into our Will, which is also God's will; and bring him into our will; for he gives up himself through Christ into the Bride, as into our Will, and sink ourselves down in him through Christ into God” (Böhme, 1764b (*Threefold Life of Man*):122).

By Law en Murray word die geestelike gewaarwording in bruidsmistieke terme as uivloei van die opbloeï van die liefdesdeugde beskryf: “Freed from the miserable labour of self, to rest in meekness, humility, patience, and resignation under the Spirit of God, is like the joyful voice of the Bridegroom to my soul” (Murray, 1898:94). Dié bruidsverhouding is die mees hegte verhouding waarin die siel tot Christus kan staan, “the marriage feast – the highest state of union between God and the soul for which man was created here on earth” (Murray, 1898:96).

6. Samevatting en gevolgtrekking

Vanuit die inleidend gestelde navorsingsvrae word tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

* Die kontoere van Andrew Murray se liefdesmistiek word beskryf as 'n voluntaristiese spiritualiteit, naamlik die produk van verskeie Eckhartse en Böhmistiese mistieke elemente en metafore om beslag te gee aan 'n praktiese liefdesmistiek in die vorm van kosmiese welwillendheid. Dit staan teenoor die rasioneel gedrewe spiritualiteit van die agtiende eeu, die toepassing van die natuurwetenskaplike metodes in die teologie en die meegaande

kousaliteitsbegrip wat op menslike wilshandeling toegepas is – standpunte wat selfs menslike inklinasies eenduidig aan die wil van God toegeskryf het. Aan die begin van die negentiende eeu kom uit die Platonistiese idealisme van die Romantiek 'n teenreaksie uit Protestantse wilsbeskouings na vore wat aansluiting vind by die Middeleeuse en Böhmistiese mistiek in navolging van Augustinus, Eckhart en Böhme – aansluitingspunte wat ook deur Murray benut is.

* By die opkomende mistieke spiritualiteit in Protestantse kringe geniet sowel die onderskeid as die verband tussen wil en begeerte aandag.

Die menslike wil is 'n statiese sielsentiteit, wat oor die vermoë beskik om in twee teenoorstaande rigtings geaktiveer te word. Aktivering van die wil deur die ondeug van self-liefde (eiebelang) lei tot afguns, trots en jaloesie – ondeugde wat a-relasioneel van aard is en al die ondeugde van die lewe sonder Christus opwek. Dialekties daarteenoor staan die deugde van geduld, sagmoedigheid, nederigheid en oorgawe aan God. Laasgenoemde deugde bewerk die geboorte van Christus in die siel – 'n geboorte wat die transmutasie van self-wil na liefdeswil bewerkstellig. Die nalewing van die deugde van Christus is moontlik, omdat God enkel Wil en Liefde is. Die stryd, konflik en botsing in die werklikheid is die resultaat van die dialektiese stryd tussen self-wil en liefdeswil.

Twee aspekte van Murray se Böhmistiese mistiek wat hieruit voortvloei, moet as waardevolle elemente van sy mistieke spiritualiteit uitgesonder word: Antropologies beskou, is die integrasie van sowel die menslike persoonlikheid as verhoudinge met andere na binne en buite, 'n belangrike psigologiese vertrekpunt vir bekamping van sosiale en maatskaplike euwels in die samelewing. In kosmologiese verband is die identifisering van twee wilsmodi by Murray 'n vertrekpunt om sowel die determinisme van bloot psigologiese begeertes wat die wil beheer, te vermy, as die indeterminisme, wat die menslike wil as 'n sielskrag beskou wat los van die verbande met God, die werklikheid en historiese prosesse funksioneer.

* Die konteks van die Luciferiese opstand teen God en val is beslissend by beoordeling van die dialektiese konflik in die skepping en die rol van die menslike wil in die stryd teen die bose.

Soos by Jonathan Edwards, is die wil by Murray nie 'n metafisiese grootheid wat die mens se handeling beheer nie, maar die sluimerende krag (interne wil) in die menslike gees wat, deur hetsy deugdelike of ondeugdelike begeertes, tot self-wil of liefdeswil (eksterne wil) geaktiveer word. Die transmutasie van eersgenoemde tot laasgenoemde is in mistieke sin beskryfbaar as die

geboorte van Christus in die siel en die bruidsmistieke vereniging van die bruid (siel) met Christus (die Bruidegom). Die aktiewe wil onder leiding van God se liefdeswil is 'n dinamiese uitreik deur die menslike persoonlikheid wat tot 'n enkele liefdeseenheid geïntegreer is en dialekties teenoor die eiewillige tydsgees te staan kom.

Murray se spiritualiteit van die wil vermy die vertrekpunte by stereotipiese dilemmas van deterministiese, indeterministiese en selfdeterministiese standpunte oor menslike vryheid. Hy gebruik die transmutatiewe effek van liefdeswil op die menslike persoonlikheid as vertrekpunt, verreken God se lig van genade wat oor alle mense skyn in sy mistiek en identifiseer geduld, sagmoedigheid, nederigheid en oorgawe aan God as die voorwaardes vir vryheid in Christus. By hulle wat Christus se geboorte in die siel deelagtig is en die bruidsfes met die Lam gesmaak het, sal passiwiteit en onbetrokkenheid by uitstraling van God se Liefdeslig in die stryd tussen die ryk van die lig en die ryk van die duisternis nie eens in gedagte kom nie omdat – in Böhmistiese terme – die môregloed van die ware Reformasie reeds op die horison verskyn.

* Benewens Murray se positiewe bydrae ter oorkoming van die deterministiese implikasies in agtiende-eeuse Reformatoriese vryheidstandpunte, huisves sy mistieke teogonie die gevaar van devaluering van geloof. Ooreenkomstig die Middeleeuse Christen-mistici, tree by Murray die geheimsinnige eenwording met God na vore. Dit is 'n eenwording deur bewussynsverruiming en om deur mistieke ervaring *by* – en selfs *in* – God te kom.

Die wesenlike gevaar kom na vore dat die klem verskuif vanaf geloof na verlange en ervaring van eenheid met God en dat beroepe op geestelike wysheid en tegnieke die geloof op die agtergrond plaas deur 'n hewige verlange na God. Teenoor mistieke ervaring, staan geloof wat weinig te make het met ewige dinge en idees. Geloof is betrokke op God, wat Homself geopenbaar het in die Persoon van Jesus Christus, wat ons verlos het van sonde en dood en ons weer teruggebring het by die Vader. Afwatering van die geloof is *au fond* ontkenning van wie die mens is en waar die mens met betrekking tot God staan.

Bibliografie

ARISTOTELES. 1931. *De Anima*. Vertaler W.D. Ross. Oxford: Clarendon Press.

-
- ARNOLD, G. 1729. *Kirchen und Ketzerhistorie*. Vol. 2. Frankfurt-am-Main: Thomas Fritschens sel. Erben.
- AUGUSTINUS. 1872. *De duabos anibus (Contra Manichaeos)*. *Works*, Vol. V. Edinburgh: T. & T. Clark.
- AUGUSTINUS. 1909. *The City of God (De Civitate Dei)*. Vertaler J. Healy. Edinburgh: John Grant.
- BÖHME, J. 1764a. *Works*. Vol. I: The Aurora; The Three Principles. London: M. Richter.
- BÖHME, J. 1764b. *Works*. Vol. II: Threefold Life of Man; Answers to Forty Questions; Treatise of Incarnation; The Clavis. London: M. Richter.
- BÖHME, J. 1772. *Works*. Vol. III: The Mysterium Magnum; Four Tables of Divine Revelation. London: G. Robinson.
- BÖHME, J. 1781. *Works*. Vol. IV: Signitura Rerum; Of the Election of Grace; The Way to Christ; A Discourse; The Four Complexions; Christ's Testament. London: G. Robinson.
- BROWN, C. 1990. *Christianity and Western Thought*. Vol. 1. Leicester: Apollos.
- ECKHART. 1978. *Sermons*. Vertaler R. Schürmann. Bloomington: Indiana University Press.
- GREAVES, J.P. 1847. *Behmen, Law and Other Mystics on the Present, Past and Future with regard to the Creation*. London: T. Ward & Co.
- LEFF, G. 1975. *William of Ockham*. Manchester: Manchester University Press.
- LOCKE, J. 1959. *An Essay Concerning Human Understanding*. New York: Dover Publications.
- MURRAY, A. 1898. *Dying to Self. A Golden Dialogue by William Law*. James Nisbet & Co.
- MUSES, C.A. 1951. Dionysius Andreas Freher: An Inquiry into the Work of a Fundamental Contributor to the Philosophic Tradition of Jacob Boehme. Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif. Columbia University.
- PORDAGE, J. [J.P.M.D.] 1681. *Treatise of Eternal Nature*. London: Geen uitgewer vermeld nie.
- RAATH, A.W.G. 1986. Menslike Vryheid in Konteks en Perspektief. D.Phil-proefskrif. Universiteit van die Vrystaat.
-